DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

Insig 28 /2025 - 26 September 2025

LIEWE OUERS

Daar is nagenoeg 370 uur in 55 skooldae – die duur van die derde kwartaal. Op Menlo-bodem is hierdie tyd met bykans honderd toetse, 'n handvol Fast5-netbaltoernooie, 'n oktaaf kooroptredes, 'n gros revuekompetisies, 'n ketting fietsryby-eenkomste, 'n salvo gholfligas, 'n string sewestoernooie, 'n orkes musikale optredes, 'n rits tenniswedstryde, 'n reeks hokkietoernooie, 'n wavrag toneel- en dramaoptredes, 'n berg landloopbyeenkomste, 'n bord vol skaakligas, 'n arsenaal redenaars- en debatfinale, 'n voorbereidende eksamen, 'n atletiekbyeenkoms of drie én selfs 'n swemgala gevul!

Dit laat 'n mens wonder hoe die Parkies hierdie pas vir 22 000 sekondes volhou. Die antwoord vind jy net hier op Menlo-bodem.

Uit die musieksentrum leer ons die belangrikheid van ritme en rus. *Stamina en toewyding*, vertel die sportafrigters, is die sleutels tot sukses. Die skaakspelers eggo die belangrikheid van fokus en die akteurs vertel dat dit soms goed is om 'n myl in 'n ander se skoene te stap. *Maak tyd vir jou medemens*, sê die Omgeekomitee – dit gee perspektief.

Op die kruin van die kwartaal is die lente én Menlo-kultuur met die Menlofees gevier – 'n lekkerte wat verlede week 'n hoogtepunt in die Wilge Teater bereik het.

Daar is tyd gegun om bene te rek en moed vir die jaar se pylvak te skep.

Nou, 55 skooldae later, het die tyd aangestap en die Oktobervakansie wink. Ons kyk effe uitasem, maar met dankbare harte terug na 'n suksesvolle en bedrywige kwartaal. Tussen golwe van deelname, spanwerk en samewerking is daar een ding wat soos 'n paal bo water staan: Elke Parkie het sy/haar bes gedoen deur die geleenthede wat in 370 uur versteek is met albei hande aan te gryp.

Wat meer kan enigiemand vra? Baie dankie vir elke ekstra myl!

Die volgende Menlo-Insig verskyn in die vierde kwartaal. Geniet die vakansie!

KOMMUNIKASIE

Belangrike datums

3 Oktober 2025	Die skool sluit om 11:00.
4 November 2025	Begroting 2026: Ouerinligtings-vergadering (Ouditorium, 18:00)

Ed-admin (Menlo-kode: 599649)

Die skool herinner u om gereeld op u kind se profielfoto te klik vir die volgende: *Assessment feed & Learning and behaviour*. Ander belangrike inligting wat op Ed-admin beskikbaar is:

- Toetsrooster: Kwartaal 3
- Personeel se kontakbesonderhede
- Ekstra klasse vir Wiskunde en FW

Drama

Me. Kruger herinner die drama– en toneelleerders om hulle aansoeke vir kleure en erekleure dringend in te dien.





‘n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die Menlo-Insig het ‘n paar gedaanteverwisselings deur die dekades ondergaan. Dit het voorheen as Klokslag Blou Nuus bekendgestaan voordat die eerste Menlo-Insig sy verskyning in 2 000 gemaak het.

Afrikaans: 100 jaar

Die naam van die geselligheid wat vir matrikulante gereël word om van hulle afskeid te neem, is ***matriekafskeid***. ‘n *Matriekafskuit* is moontlik ‘n boot waarnee matrikulante die toekoms invaar.

Bron: Viva-taalwenk

AMFI-HOOGTEPUNTE

Die matrieks van 2 000 is na 25 jaar op Menlo-bodem vir ‘n feestelike reünie herenig.

Die stryd tussen die grade het ‘n nuwe wending geneem toe verteenwoordigers van elke graad mekaar die stryd met kegelspel aangesê het. Die feit dat deelnemers geblinddoek was, het vir ekstra pret en opwinding gesorg.

AKADEMIE

NOORD-GAUTENG-WETENSKAPEKSPO

UITSLAE

Menlo-deelnemers	21	
Brons medaljes	3	
Silwer medaljes	14	
Goue medaljes	4	Ryan Cooke Theron, Dea Higgins, Selmé Vorster en Alexander Walkenshaw
Kategoriewenners	3	Ryan Cooke Theron & Alexander Walkenshaw (Tegnologie & Innovasie)
		Dea Higgins (Chemie en Omgewingschemie)
		Selmé Vorster (Ekologie & Omgewingswetenskappe)
Kategorienaaswenner		Kian Müller (Elektrisiteit & Elektronika)
Algeheel		Dea Higgins — 3de beste projek
		Ryan Cooke Theron & Alexander Walkenshaw — 5de beste projek

AKADEMIE

DUITSE PRYSWENNERSNAWEEK

Arebell van Eck is ‘n Parkie wat weet hoe om taal en kreatiwiteit te kombineer. Sy is as een van die pryswenners van die Goethe Instituut se videokompetisie aangewys en is verlede naweek, saam met ander pryswenners, behoorlik in die Southern Sun Rosebank Hotel in Johannesburg bederf. Die program het drie dinamiese werksessies ingesluit wat taalvaardighede op ‘n interaktiewe manier bevorder het. Buiten die klas het deelnemers hul lyf sportief gehou met ‘n padelsessie, gevolg deur ‘n uitstappie na die gewilde Montecasino.

Wat die naweek selfs meer spesiaal gemaak het, was die geleentheid om nuwe vriende te maak en bande te smee met mense wat ‘n gedeelde liefde vir die Duitse taal en kultuur het — ‘n ware viering van gemeenskap en groei.

LENTETEE

MENLO VERWELKOM DIE LENTE MET KLEUR EN SAMESYN

Op Menlo-bodem word die lente jaarliks met ‘n lentetee gevier. Dit is tradisie dat hierdie geleentheid deur die voorsitter van die Matriekraad se sosiale komitee georganiseer word, terwyl die graad 8- en 9-dogters en hulle moeders as gasvroue optree. Voordat jy verlede Saterdag, *jakaranda*, kon sê, het die gasvroue die saal in ‘n lentelushof van kleur en samesyn omskep. Dené Vorster, bekroonde spreker, het haar ervaring van vrouwees tydens hierdie spesiale oggend gedeel.

Baie dankie aan seremoniemeester, Jade Gruen (Matriekraad), me. Crisna Bezuidenhout en elke gasvrou wat meegewerk het om die saal in ‘n lentetuin te omskep asook aan Clara Serfontein wat die perfekte atmosfeer met klavierspel geskep het. Ons kuier gou weer saam.

KOSHUIS

KOSHUIS VS. DORP

Die koshuisleerders het die "dorpenaars" vandeesweek in 'n titaniese bofbalstryd gepak. Na onderhoude met verskeie leerders aan albei kante kon die Insig steeds nie agterkom wie as wenner uit die stryd getree het nie. Een ding waaroor daar wel absolute sekerheid is, is dat Die Hoërskool Menlopark die skool met die grootste gees is. Kyk gerus na die foto's en besluit self waar die Bofbaltrofee van 2025 hoort.

KULTUUR

MENLO-MUSIKANTE HOU AMFIKONSERT

Menlo se musikante het verlede naweek geskiedenis gemaak deur die eerste kontemporêre musiekkonsert in die Amfi te hou. Vyftien solokunstenaars en twee *bands* het met musiek wat van Van Morrison tot Queen en Dire Straits gewissel het, vermaak. Die musikante het alles self behartig en kan hulleself nou met reg musikante en aspirantklankingenieurs noem.

Baie dankie aan mnr. Leon van der Berg van die Menlo-musiek-akademie wat hierdie optrede vir die leerders moontlik gemaak het.

KULTUUR

MENLOVARIAWENNERS GEVIER

Die eerste tekens was subtiel… gedemp: ’n Harmonie wat pouse geneurie word, ’n voet wat saggies op die maat van Wiskunde stamp en sketse van suikerhuisies wat versigtig tydens periodes gesirkuleer word. Ofskoon niemand onraad vermoed het nie, was dit vroeg in Augustus duidelik: Daar is ’n kulturele revolusie op Menlo-bodem aan’t broei en die talentvloed is onstuitbaar.

Die prop is verlede week tydens die Menlovaria-wennerskonsert gelig om ’n fontein van entoesiastiese deelname in die Wilge Teater los te laat. Dit is hier waar talent vrye teuels het om die oë te betower, die ore te bekoor en die gehoor te verstom.

Teatergangers is met die intrapslag deur skilder- en tekenkuns verras en toe die gordyn oplaas lig, het die gewig van Menlo-talent die planke laat knars. Genres is geskommel om die gehoor aan die raai te hou, terwyl die kwinkslae van die seremoniemeesters gesorg het dat Menlolagspiere enige fiksheidstoets sal slaag.

Baie dankie aan me. Holly van Heerden en haar bekwame span vir ’n verskeidenheidskonsert met verskeidenheid. Daar was nie ’n enkele lid van die gehoor wat nie deur die kaleidoskoop van talent gehipnotiseer is nie.

Njannieskapêla!

Ons maak binnkeort weer so:
10 September 2026
AfriForum Teater

SPORT

ATLETIEK

UITSLAE: CURRO PODIUM STREEKSBYEENKOMS

Seuns:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Curro Hazeldean	3. Afrikaanse Hoër Seunskool
Dogters:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Hoërskool Noordheuwel	3. Afrikaanse Hoër Meisieskool
Algeheel:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Curro Hazeldean	3. Helpmekaar Kollege

Individuele prestasies

Beste junior veladatleet (seun):	Jaco van Dyk
Beste senior baanatleet (dogter):	Megan Nieman

UITSLAE: NWU-TOP-30 (84 skole)

Seuns:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Curro Hazeldean	3. Afrikaanse Hoër Seunskool
Dogters:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Hoërskool Noordheuwel	3. Afrikaanse Hoër Meisieskool
Algeheel:	1. Die Hoërskool Menlopark	2. Curro Hazeldean	3. Hoërskool Noordheuwel

Individuele prestasies

Junior victrix ludorum	Daniella Fourie
SA rekord (300 m-hekkies)	Janelle Kirkpatrick
Afrika-rekord (100 m-hekkies)	Megan Nieman
SA rekord (Gewigstoot)	Jaco van Dyk

Prestasies bo 900 punte op die APE-tabel

Jaco van Dyk	Gewigstoot en Diskus	1 000 punte
Joshua Gerber	Diskus	1000 punte *
Leon Stoltz	2 000 m-hindernis	978 punte
Chris Swanepoel	Gewigstoot	967 punte
Dylan Kraamwinkel	1 500 m-hindernis	954 punte
Erik Senekal	Diskus	954 punte
Leon Stoltz	3 000 m	927 punte
Erik Senekal	Gewigstoot	925 punte
Aidan Erasmus	Diskus	918 punte
Michael Shanzi	400 m	902 punte
Megan Nieman	100 m-hekkies	1 000 punte
Janelle Kirkpatrick	90 m-hekkies	1 000 punte
Janelle Kirkpatrick	300 m-hekkies	992 punte
Megan Nieman	100m	989 punte
Daniella Fourie	Gewigstoot	962 punte
Shiloh Snijders	Diskus	956 punte
Sunelle Burger	90 m-hekkies	955 punte
Daniella Fourie	Diskus	952 punte
Karla Bouwer	400 m-hekkies	937 punte
Jaydean Manders	100 m	933 punte
Jaydean Manders	200 m	931 punte
Roline du Plessis	Diskus	910 punte
Jane Sieberhagen	3 000 m	913 punte
Shiloh Snyders	Gewigstoot	910 punte
Roline du Plessis	Diskus	908 punte
Ashlynn Nel	Gewigstoot	903 punte

**Beste afstand in die wêreld in 2026*

SPORT

SEWESRUGBY

UITSLAE: MONTANA-SEWESTOERNOOI

O. 15A	2de	Dring as Blou Bulle 1 deur na die Noordvaal-toernooi.
O. 15B	10de	
O. 17A	2de	Dring as Blou Bulle 1 deur na die Noordvaal-toernooi.
O. 17B	17de	

Hartlik geluk aan Menlo se ratsrugbyspanne met puik prestasies!

Foto's: Lizha van Rensburg

KRIEKET

UITSLAE: LIGA

Menlopark o. 14 B vs. Garsfontein o. 14 B.
Garsfontein 104 almal uit (John-Robert O'Reilly 3/14)
Menlo 108/1 (Tiaan van Wyk 55*, Neil Muller 40*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

Menlopark o. 14 A vs. Garsfontein o. 14 A
Garsfontein 226 almal uit (Rudo Rheeders 4/27, LJ J v Rensburg 3/33)
Menlo 227/7 (Leo Metz 67*, Neil Claassen 45)
Menlo wen met 3 paaltjies.

Menlopark o. 15 C vs. Affies o. 14 D
Affies 166/7 (Wihan Rheeder 2/19)
Menlo 167/6
Menlo wen met 4 paaltjies.

Menlopark o. 15 B vs. Affies o. 15 B
Affies 189/5 (Jan-Hendrik Viljoen 2/36)
Menlo 105/4 (Jayden Labuschagne 33)
Affies wen met 84 lopies.

Menlopark 2de XI vs. Garsfontein 2de XI
Menlo 241 almal uit (Jean le Roux 70, Jovan Hartman 64)
Garsfontein 218 almal uit (Verster Richter 4/27, Thomas de Wit 3/23)
Menlo wen met 23 lopies.

Menlopark o. 14 A vs. Eldoraigne o 14 A
Menlo 380/5 (Rudo Rheeders 117, Christiaan Koekemoer 112)
Eldoraigne 253/7 (LJ Janse van Rensburg 3/41, Arnu Grové 3/47)
Menlo wen met 127 lopies.

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

TRAMPOLIEN

Gideon en Anri Fourie sal Gauteng van 7—10 Oktober by die Nasionale Gimnastiekkampioenskap in Gqberha verteenwoordig.

ALUMNINUUS

OUD-MENLOPARKER BY WÊRELDTOERNOOI IN AKSIE

NETBAL

Luca Keun (matriek: 2022) is tans vir die o. 21-Proteas by die Wêreldjeugtoernooi in aksie. #menloskuifgrense

PARKIEPRENEURS

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

oasis®

SAFARI OUTDOOR

MARKPLEIN

MAGNUM SAFES
MANUFACTURERS OF ALL TYPES OF SAFES SINCE 1988

MAGNUM

BESKERM JOU MOTOR TEEN MOTORDIEWE

Kontakbesonderhede

magnumsafeza@gmail.com

012 391 7380 of 082 665 5967

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK